Publication: Volksblad-Saturday (Sport)
Publication Date: 01 Apr 2017
Page: 23

AVE: 8601.45
Circulation: 14330
Part: 1 of 1

# Staatmakers versterk Shimlas

**Owen Kock**

Die Shimlas het drie van hul staatmakers vir die Varsitybeker-halfeindstryd teen Tukkies Maandag in Pretoria teruggekry.

Die kaptein en senter Stephan Janse van Rensburg het van harsingskudding herstel. Nog 'n speler wat 'n groot verskil maak, die flank Daniel Maartens, het van sy skouerbesering herstel, terwyl die haker Hanno Snyman ná 'n kniebesering ook weer oorgehaal is. Net Janse van Rensburg het in die vorige wedstryd teen Tukkies gespeel.

Die Shimlas was in dié wedstryd ook sonder hul gereelde losskakel Nakkie Naudé wat harsingskudding gehad het. Hy het reeds met hul vorige wedstryd teen die Madibaz sy terugkeer gemaak.

Die Shimlas het in die week voordat hulle gehoor het dat hulle tot die halfeindstryd deurdring, reeds daarvoor begin oefen. Die laaste afrondingswerk is vandeesweek gedoen.

Tukkies het hulle in die ligafase in die Toyota-stadion met 65-19 afgeransel.

Die afrigter, Hendro Scholtz, het erken dat hulle baie swak in dié wedstryd was en dat die spelers dit weet.

"Ons het vandeesweek na beeldmateriaal daarvan gekyk en gesien dat ons baie swak was. Die spelers was skaam omdat hulle so swak gespeel het," sê Scholtz.

"Ons het niks om te verloor nie. Ons is die buiteperde en niemand gee in elk geval die buiteperde 'n kans om te wen nie," sê Scholtz.

Tukkies het vooraf net een wedstryd met 17-18 teen die Universiteit van Johannesburg verloor.

Tukkies het die Junior Bokkie Manie Libbok op die plaasvervangersbank gekies en hy sal fyn dopgehou moet word as hy speelkans kry.

**Tukkies:** Divan Rossouw, Dewald Naudé, Toko Maebane, Impi Visser, Sibahle Maxwane, Tinus de Beer, André Warner, Clyde Davids, Chris Massyn (k), Marco van Staden, Aston Fortuin, Bryan Leitch, Neethling Fouché, Els Corniel, Andrew Beerwinkel. PLAASVERVANGERS: Jan-Henning Campher, Jaco Holtzhausen, Marius Verwey, Eduan Lubbe, Theo Maree, Manie Libbok, Joshua Stander, Franco van den Berg.

**Shimlas:** Marco Mason, Vuyani Maqina, Lihleli Xoli, Stephan Janse van Rensburg (k), Carel-Jan Coetzee, Nakkie Naudé, Dian Badenhorst, Wilandré Kotzenberg, Phumzile Maqondwana, Daniel Maartens, Neil Claassen, Nicolaas Immelman, Ruan Kramer, Anrich Alberts, Kwenzo Blose. PLAASVERVANGERS: Hanno Snyman, Johan Kotze, Thabiso Msiza, Raymond Woest, Nardus Erasmus, Armand Pretorius, Rayhaan Lombaard, Sechaba Matsoele.

**Skeidsregter:** Vusi Msibi.

**Afskop:** 19:00 op SS 1.



**Die Shimlas se woelige flank Daniel Maartens het genoegsaam van 'n skouerbesering herstel om Maandag in die halfeindstryd teen Tukkies te kan speel.**

Foto: MLUNGISI LOUW

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.